# Nederlandse Geloofsbelydenis

## Artikel: 9

SKRIFGETUIENIS OOR DIE LEER VAN DIE DRIE-EENHEID

## SKRIFGETUIENIS OOR DIE LEER VAN DIE DRIE-EENHEID



Ons weet dit alles sowel uit die getuienisse van die Heilige Skrif as uit hulle werkinge, veral uit werkinge wat ons in onsself voel. Die getuienisse van die Heilige Skrif wat ons leer om in hierdie heilige Drie-eenheid te glo, staan op baie plekke in die Ou Testament en dit is nie nodig om hulle almal op te noem nie.



Ons kan hulle onderskeide [illegible] oordeelkundig uitkies: Genesis 1:26 en 27: En God [illegible] ê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gel[illegible].. En God het die mens geskape na sy beeld; man en v[illegible] Hy hulle geskape; Genesis 3:22: Toe sê di[illegible] God: Nou het die mens geword soos een van Ons". Wan[illegible]od sê: Laat Ons mense maak na Ons beeld, b[illegible]ruit dat daar meer as een Persoon in die Godheid is. En as H[illegible] God het die geskep, wys Hy die eenheid van d[illegible]heid aan. Weliswaar sê hy nie hoeveel Persone daar is nie, ma[illegible]vir ons in die Ou Testament enigsins [illegible]r is, is in die Nuwe Testament baie duidelik. Want toe die Here in di[illegible]an gedoop is, is die stem van die V[illegible]gehoor, wat sê: "Dit is my geliefde Seun" (Mat 3:17). Die Seun is in die [illegible] gesien en die Heilige Gees he[illegible]n die vorm van 'n d[illegible]ar.

Buitendien is [illegible]am van die Vader en di[illegible]aria, die moeder va[illegible]aarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word" (Luk 1:35); eweneens: "Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal" (2 Kor 13:13) en: "Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees en hierdie drie is een; en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed en die drie is eenstemmig" (1 Joh 5:7, 8).

## SKRIFGETUIENIS OOR DIE LEER VAN DIE DRIE-EENHEID



Ons weet dit alles sowel uit die getuienisse van die Heilige Skrif as uit hulle werkinge, veral uit werkinge wat ons in onsself voel. Die getuienisse van die Heilige Skrif wat ons leer om in hierdie heilige Drie-eenheid te glo, staan op baie plekke in die Ou Testament en dit is nie nodig om hulle almal op te noem nie.

Johannes 14:16: En Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Parakleet gee, sodat Hy vir ewig by julle kan wees.

**Parakleet:** Die Griekse woord verwys na iemand wat geroep is om bystand te verleen – 'n helper, 'n voorspraak, 'n pleitbesorger, 'n trooster.

Johannes 15:26: “Wanneer die Parakleet kom wat Ek van die Vader af aan julle sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig.

Handelinge 2:32-33: “God het hierdie Jesus laat opstaan – daarvan is ons almal getuies. Nadat Hy tot aan die regterhand van God verhoog is en die belofte van die Heilige Gees van die Vader ontvang het, het Hy die Gees uitgestort, en dit is wat julle sien en hoor.

Romeine 8:9: Julle, daarenteen, bly nie in julle sondige aard nie, maar in die Gees – as die Gees van God inderdaad in julle woon. As iemand nie die Gees van Christus het nie, behoort hy nie aan Hom nie.

Galasiërs 4:6: En omdat julle sy kinders is, het God die Gees van sy Seun uitgestuur tot in ons harte, die Gees wat roep: “Abba, Vader!”

# SKRIFGETUIENIS OOR DIE LEER VAN DIE DRIE-EENHEID



Ons weet dit alles sowel uit die getuienisse van die Heilige Skrif as uit hulle werkinge, veral uit werkinge wat ons in onsself voel. Die getuienisse van die Heilige Skrif wat ons leer om in hierdie heilige Drie-eenheid te glo, staan op baie plekke in die Ou Testament en dit is nie nodig om hulle almal op te noem nie.

Titus 3:4-6: Maar toe die goedheid en menseliefde van God, ons Verlosser, verskyn, het Hy ons verlos – nie op grond van werke wat ons uit geregtigheid gedoen het nie, maar op grond van sy ontferming – by wyse van die afwassing deur die weergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees, wat Hy ryklik oor ons uitgegiet het deur Jesus Christus, ons Verlosser.

1 Petrus 1:2: hulle wat uitverkies is volgens die voorkennis van God, die Vader, om deur die heiligmaking van die Gees gehoorsaam te wees, en met die bloed van Jesus Christus besprinkel te word: Mag genade en vrede in oorvloed aan julle geskenk word!

1 Johannes 4:13-14: Hieraan weet ons dat ons in Hom bly, en Hy in ons: Hy het ons aan sy Gees laat deel kry. En ons het dit aanskou, en ons getuig daarvan, dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het.

1 Johannes 5:5-12: Wie anders oorwin die wêreld as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is? Hy, Jesus Christus, is die Een wat deur water en bloed gekom het – nie net deur die water nie, maar deur die water én die bloed. Die Gees is die Een wat getuig, want die Gees is die waarheid. Want daar is drie wat getuig: die Gees en die water en die bloed, en hierdie drie is dit eens. As ons die getuienis van mense aanvaar – die getuienis van God is vir seker groter, omdat dit die getuienis van God is wat Hy oor sy Seun gelewer het. Wie in die Seun van God glo, besit die getuienis in homself; wie God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy nie die getuienis geglo het wat God oor sy Seun gelewer het nie. En dit is die getuienis: dat God die ewige lewe vir ons gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.

Nederlandse Geloofsbelydenis | SKRIFGETUIENIS OOR DIE LEER VAN DIE DRIE-EENHEID | Artikel: 9

Ons weet dit alles sowel uit die getuienisse van die Heilige Skrif as uit hulle werkinge, veral uit werkinge wat ons in onsself voel. Die getuienisse van die Heilige Skrif wat ons leer om in hierdie heilige Drie-eenheid te glo, staan op baie plekke in die Ou Testament en dit is nie nodig om hulle almal op te noem nie.

Judas:20-21: Maar julle moet, geliefdes, deur julleself op te bou in julle allerheiligste geloof, en deur in die Heilige Gees te bid, julleself in die liefde van God bewaar, terwyl julle die ontferming van ons Here Jesus Christus, met die oog op die ewige lewe, verwag.

Openbaring 1:4-5: Johannes, aan die sewe •gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is; en van Jesus Christus, die betroubare getuie, die Eersgeborene uit die dood en die heerser oor die konings van die aarde. Aan Hom wat ons liefhet, en ons deur sy bloed van ons sondes verlos het,

Ons weet dit alles sowel uit die getuienisse van die Heilige Skrif as uit hulle werkinge, veral uit werkinge wat ons in onsself voel. Die getuienisse van die Heilige Skrif wat ons leer om in hierdie heilige Drie-eenheid te glo, staan op baie plekke in die Ou Testament en dit is nie nodig om hulle almal op te noem nie.

Ons kan hulle onderskeidend en oordeelkundig uitkies:

Genesis 1:26 en 27: En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis... En God het die mens geskape na sy beeld; man en vrou het Hy hulle geskape



Genesis 3:22: Toe sê die Here God: Nou het die mens geword soos een van Ons".

Wanneer God sê: Laat Ons mense maak na Ons beeld, blyk daaruit dat daar meer as een Persoon in die Godheid is. En as Hy sê: God het geskep, wys Hy die eenheid van die Godheid aan. Weliswaar sê hy nie hoeveel Persone daar is nie, maar wat vir ons in die Ou Testament enigsins duister is, is in die Nuwe Testament baie duidelik. Want toe die Here in die Jordaan gedoop is, is die stem van die Vader gehoor, wat sê:

“Dit is my geliefde Seun" (Mat 3:17).

Die Seun is in die water gesien en die Heilige Gees het Hom in die vorm van 'n duif geopenbaar.

Psalm 45:8: U het geregtigheid lief en U haat goddeloosheid. Daarom, o Goddelike wese, het u God U met olie van vreugde gesalf – meer as u metgeselle.

Jesaja 61:1: Die Gees van my Heer, die HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het. Hy het My gestuur om 'n goeie boodskap te bring aan magteloses, om dié met gebroke harte se wonde te verbind, om dié wat weggevoer is se vrylating aan te kondig en bevryding vir dié wat geboei is,

| | |
|---|---|
| Buitendien is vir die doop van alle gelowiges hierdie formule deur Christus vasgestel: | "Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" (Mat 28:19). |
| In die Evangelie van Lukas sê die engel Gabriël aan Maria, die moeder van die Here: | "Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word" (Luk 1:35); |
| eweneens: | "Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal" (2 Kor 13:13) |
| En: | "Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees en hierdie drie is een; en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed en die drie is eenstemmig" (1 Joh 5:7, 8) |

1 Korintiërs 6:17: Maar die persoon wat homself aan die Here verbind, is een gees met Hom.

## SKRIFGETUIENIS OOR DIE LEER VAN DIE DRIE-EENHEID



Ons word op al hierdie plekke baie duidelik geleer dat daar drie persone in een enige Goddelike Wese is. Al gaan hierdie leer die menslike verstand ver te bowe, glo ons dit nou tog deur die Woord, terwyl ons verwag om die volle kennis en vrug daarvan in die hemel te geniet.

Verder moet ons ook let op die besondere ampte en op die eie werkinge van die drie Persone met betrekking tot ons: Die Vader word ons Skepper deur sy krag genoem; die Seun is ons Saligmaker en Verlosser deur sy bloed; die Heilige Gees is ons Heiligmaker deur sy inwoning in ons hart.

Die leer van die heilige Drie-eenheid is in die ware kerk van die tyd van die apostels af tot nou toe altyd onderhou en gehandhaaf teenoor die Jode, Mohammedane en sommige valse christene en ketters soos Marcion, Mani, Praxeas, Sabellius, Samosatenus, Arius en derglike, wat tereg deur die regsinnige vaders veroordeel is.
Daarom aanvaar ons in hierdie opsig graag die drie belydenisse, naamlik dié van die Apostels, Nicéa en Atanasius en ook wat die ou vaders in ooreenstemming hiermee besluit het.

## SKRIFGETUIENIS OOR DIE LEER VAN DIE DRIE-EENHEID



Ons weet dit alles sowel uit die getuienisse van die Heilige Skrif[1] as uit hulle werkinge, veral uit werkinge wat ons in onsself voel. Die getuienisse van die Heilige Skrif wat ons leer om in hierdie heilige Drie- eenheid te glo, staan op baie plekke in die Ou Testament en dit is nie nodig om hulle almal op te noem nie.
Ons kan hulle onderskeidend en oordeelkundig uitkies: Genesis 1:26 en 27: En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis... En God het die mens geskape na sy beeld; man en vrou het Hy hulle geskape; Genesis 3:22: Toe sê die Here God: Nou het die mens geword soos een van Ons". Wanneer God sê: Laat Ons mense maak na Ons beeld, blyk daaruit dat daar meer as een Persoon in die Godheid is. En as Hy sê: God het geskep, wys Hy die eenheid van die Godheid aan. Weliswaar sê hy nie hoeveel Persone daar is nie, maar wat vir ons in die Ou Testament enigsins duister is, is in die Nuwe Testament baie duidelik. Want toe die Here in die Jordaan gedoop is, is die stem van die Vader gehoor, wat sê: "Dit is my geliefde Seun" (Mat 3:17). Die Seun is in die water gesien en die Heilige Gees het Hom in die vorm van 'n duif geopenbaar[2].
Buitendien is vir die doop van alle gelowiges hierdie formule deur Christus vasgestel: "Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" (Mat 28:19). In die Evangelie van Lukas sê die engel Gabriël aan Maria, die moeder van die Here: "Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word" (Luk 1:35); eweneens: "Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal" (2 Kor 13:13) en: "Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees en hierdie drie is een; en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed en die drie is eenstemmig" (1 Joh 5:7, 8) [3].
Ons word op al hierdie plekke baie duidelik geleer dat daar drie persone in een enige Goddelike Wese is. Al gaan hierdie leer die menslike verstand ver te bowe, glo ons dit nou tog deur die Woord, terwyl ons verwag om die volle kennis en vrug daarvan in die hemel te geniet.
Verder moet ons ook let op die besondere ampte en op die eie werkinge van die drie Persone met betrekking tot ons: Die Vader word ons Skepper deur sy krag genoem; die Seun is ons Saligmaker en Verlosser deur sy bloed; die Heilige Gees is ons Heiligmaker deur sy inwoning in ons hart.
Die leer van die heilige Drie-eenheid is in die ware kerk van die tyd van die apostels af tot nou toe altyd onderhou en gehandhaaf teenoor die Jode, Mohammedane en sommige valse christene en ketters soos Marcion, Mani, Praxeas, Sabellius, Samosatenus, Arius en derglike, wat tereg deur die regsinnige vaders veroordeel is.
Daarom aanvaar ons in hierdie opsig graag die drie belydenisse, naamlik dié van die Apostels, Nicéa en Atanasius en ook wat die ou vaders in ooreenstemming hiermee besluit het.